# DIE INGEBRUIKSTELLING VAN PAPIERGELD IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK* — II

Die volle implikasie van al die nadele wat die onoordeelkundige druk en uitgee van papiergeld op die finansiële administrasie van die land gehad het, het deur die toedoen van die Finansiële Kommissie teen die end van 1867 baie duidelik onder die aandag van die Volksraad gekom. Daarbenewens het die Finansiële Kommissie ook nog kon aantoon dat die administrasie van die land se geldelike middele in 'n uiters haglike toestand verkeer het. In sy verslag wat in Desember 1867 voor die Volksraad gedien het, is aan die lig gebring dat volgens die begroting van 1866 daar op 1 Augustus 1867 'n voordelige balans van £5,215.13.9 in die landskas moes gewees het. Nie alleen was die bedrag nie aanwesig nie, maar is daar in die loop van die voorafgaande jaar ook nog £20,000 aan papiergeld in omloop gebring. Op die wyse is tot die landskuld toegevoeg, maar presies hoe groot die landskuld op daardie stadium was, kon die Kommissie nie bepaal nie vanweë die „bedroevende toestand" waarin die boekhouding van die staat verkeer het.[1]

Na aanleiding van die warboel wat die Kommissie met betrekking tot die land se finansies aangetref het, het hy 'n aantal baie belangrike voorstelle aan die Volksraad voorgelê. Gedagtig daaraan dat die Volksraad in die verlede te maklik te veel note in omloop gebring het, beveel die Kommissie aan dat indien dit in die toekoms nodig sou wees om nog Goewermentsnote uit te gee, 'n kommissie bestaande uit drie persone met die toesig oor die uitgifte belas sal word.[2] Klaarblyklik was die Kommissie meer besorg oor die besteding van die landsfinansies en die gevolglike tekorte wat daaruit voortgevloei het en daarom word 'n aantal belangrike besuinigingsmaatreëls aan die hand gedoen. „Als eene eerste stap van bezuiniging" word aanbeveel „de afschaffing van vaste salaris, gedurende vredestyd, van Commandant Generaal; commandanten; kanon commandant; als ook van Hoofd en andere Baljuws; hoofd- en andere kruidmagazynmeesters; alsmede dat Landdrosten, wanneer afwezig en zy daarvoor reis- en verblyfkosten genieten, gedurende dien tyd de waarnemende Landdrost het salaris van den afwezigen Landdrost zal ontvangen".[3] Hoewel besparingsmaatreëls van hierdie aard, weer probleme van 'n ander aard kon laat ontstaan, het die Volksraad hom in beginsel met die voorstelle verenig en dit vir verdere oorweging na die Begrotingskommissie verwys.[4]

Om groter orde en reëlmaat in die finansiële administrasie te bring, het die Kommissie ook nog voorgestel dat in die toekoms geen openbare werke onderneem sal word sonder dat vooraf goedkeuring daarvoor van

* Die navorsing waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

1. V.R.B. 4 Desember 1867, art. 235, St. Crt. 5 Feb. 1868.
2. V.R.B. 6 Desember 1867, Art. 244 en 252, St. Crt. 5 Feb. 1868.
3. E.V.R. 111, bl. 381: J. G. C. van Leenhof aan Voorsitter van Begrotingskommissie, Pretoria, 12 Feb. 1868.
4. V.R.B. 12 Feb. 1868, art. 257. Vgl. Staats Courant 18 Maart 1868.

die Uitvoerende Raad verkry is en sonder dat behoorlike tenders vir die werk gevra is nie. Die Kommissie het verder nog voorgestel dat die finansiële verslae van al die landdroste maandeliks in die Staatskoerant gepubliseer moes word; dat die Staatspresident so dikwels as wat hy dit nodig ag, maar minstens 4 keer per jaar, alle landdroskantore deur 'n kommissie sal laat inspekteer; dat alle amptenare wat op een of ander wyse met die administrasie van geld te make het, onmiddellik onder goeie borge gestel word of so nie uit hulle betrekking ontslaan word. As 'n bydrae tot die opknapping van die algemene landsadministrasie word dan ook nog voorgestel dat alle amptenare van instruksies voorsien sal word hoe om hulle kantore te bestuur. Die bogenoemde voorstelle is met geringe aanpassings hier en daar eintlik onveranderd deur die Volksraad aanvaar en in werking gestel.[5]

Die Begrotingskommissie na wie die besuinigingsmaatreëls vir oorweging verwys is, het inderdaad voor 'n moeilike probleem te staan gekom. In Noord-Transvaal het verskillende naturelle-stamme teen die gesag van die staat in opstand gekom en was dit nodig om 'n kommando daarheen te stuur wat die vooruitsig van besparing onmiddellik die nek ingeslaan het. Onder hierdie omstandighede het die Begrotingskommissie se bevindings en aanbevelings nie tot optimisme gestem nie. In sy verslag aan die Volksraad verklaar die Kommissie dat hy aan die hand van mondelinge mededelings, aangevul met skattinge en sodanige skriftelike getuienis wat gevind kon word, tot die oortuiging gekom het dat die staatskuld op 1 Augustus 1867 nie minder nie as £30,000 bedra het. Om die staat se verpligting in hierdie opsig na te kom, beveel die Kommissie aan dat onmiddellik note vir 'n gelyke bedrag met goewermentsplase as waarborg, uitgegee moet word.

Die Kommissie bring dit dan nog voorts onder die aandag van die Volksraad dat volgens die gewone begroting die land se uitgawe vir die volgende boekjaar ongeveer £15,000 groter as die inkomste sal wees. Die Kommissie verklaar dit as sy voorneme om die verskil uit te wis deur aan te beveel dat salarisse verminder word, sommige ampte afgeskaf word, die oprigting van openbare geboue uitgestel word en bepaalde gelde betaalbaar aan die staat, verhoog word. Die Kommissie ag dit egter ontmoontlik om die hervormings in die aanstaande diensjaar deur te voer en beveel derhalwe aan dat die verwagte tekort van £15,000 as 'n skuld by die bestaande £30,000 gevoeg word en daarvoor ook papiergeld uitgegee word. Die Volksraad het hierdie voorstelle aanvaar en besluit om alles in verband met die nuwe uitgifte van papiergeld na 'n kommissie bestaande uit vyf persone en wat deur die Volksraad gekies sou word, te verwys.[6]

Die nuwe kommissie het nie gras onder sy voete laat groei nie en was minder as 'n week later met 'n verslag gereed. Die somtotaal waartoe die aanbevelings van die kommissie, vervat in sy verslag, gelei het, was

5. V.R.B. 12 Februarie 1868, artt. 246, 253 en 254. Vgl. Staats Courant 5 en 10 Maart 1868.
6. V.R.B. 10 Maart 1868, artt. 383 en 384.

dat die beginsel reeds eerder om 'n „commissie van finantien" met die toesig oor nuwe uitgifte van note, te plaas, aanvaar is. Na die vervaardiging van die note sou dit deur die Staatspresident en een lid van die Uitvoerende Raad onderteken word waarna dit aan die kommissie van finansies oorhandig sou word en deur nog een van sy lede onderteken word. Dit is ook besluit dat 600 note van £5, 30,000 van £1, 20,000 van 5/- en 40,000 van 2/6 gedruk sal word en daarbenewens 20,000 „Goed Voors" van 1/- en 40,000 van 6 pennies uitgegee sal word. As sekuriteit vir hierdie en ander reeds bestaande papiergeld sou 1,000 plase afgesonder en behoorlik onder verband gebring word. Ter aflossing van die note sal van tyd tot tyd van die plase per publieke veiling verkoop word teen 'n „opzetprys" van £100 per plaas. Verkopings sou alleen plaasvind na dit ses maande vooraf in die Staatskoerant en in Vrystaatse en Natalse koerante geadverteer is.[7]

Nog voordat die planne in verband met die nuwe uitgifte van papiergeld afgehandel is, het ongunstige berigte uit die Noorde die Staatspresident in Pretoria bereik. Kommandant-generaal Paul Kruger het dringende vertoë tot die regering gerig om sy kommando doeltreffend van krygstuig en lewensmiddele te voorsien wat vanselfsprekend 'n aansienlike addisionele uitgawe tot gevolg sou hê waarvoor in die normale begroting nie voorsiening gemaak is nie.[8] Om die rede het die Staatspresident 'n oplossing beproef deur aan te beveel dat nog £2,000 se goewermentsnote gedruk word. Die Volksraad het die aanbeveling oorweeg en besluit om die saak na die Kommissie van Finansies te verwys was, heeltemal tereg, nie verder daarop gereageer het nie.[9] Hierdie nuwe liggaam was klaarblyklik baie beslis om die warboel wat met betrekking tot papiergeld bestaan het, so gou doenlik onder beheer te kry en het as een van sy eerste maatreëls die publiek op 15 Julie 1868 in kennis gestel om al die bestaande vyf en tien Riksdaalder-note voor 1 April 1869 vir nuwe goewermentsnote in te wissel.

Maar nie net die Kommissie van Finansies nie, ook die regering self het ernstig aan planne begin dink om die land se finansiële posisie te verbeter. Die Uitvoerende Raad het heel paslik die inisiatief geneem en in April 1868 'n aantal voorstelle vir oorweging aan die Volksraad voorgelê. Hierin is onder andere voorgestel dat elke landsburger se grondbelasting op alle onbewerkte of onbewoonde plase bokant die getal van vier, verdubbel sal word; dat persone in die buiteland woonagtig en wat in die Suid-Afrikaanse Republiek onbewoonde plase besit, £6 belasting per jaar per plaas sal betaal en dat sodanige persone in geval van oorlog, £10 oorlogsbelasting ekstra op elke plaas sal betaal tensy hy tot die bevrediging van sy veldkornet 'n gewapende persoon vir krygsdiens in sy plek stel. Die Volksraad het die voorstelle in beginsel onderskryf en die president

7. Vgl. uitvoering by V.R.B. 16 en 17 Maart 1860, artt. 410 e.v.; V.R.B. 19 Maart 1868, art. 437.
8. E.V.R. 110, bl. 229: M. W. Pretorius aan die Volksraad, dd. Pretoria, 14 Maart 1868.
9. V.R.B. 14 Maart 1868, art. 401. Vgl. Staats Courant 27 Mei 1868.

versoek om dit in die Staatskoerant te publiseer sodat dit op die volgende gewone vergadering van die Volksraad bespreek kan word.[10]

Toe die Volksraad in September daarna vir sy gewone jaarlikse sitting bymekaar kom, het die Staatspresident in sy gebruiklike aanspraak die erns van die situasie op vernuftige wyse aan die lede geskets. Hy het uitdruklik beklemtoon dat aan die uitgee van meer papiergeld nie meer te denke val nie en dat ander metodes gevind sal moet word om onvermydelike uitgawes te bestry. In die verband het hy die hoop uitgespreek dat indien dit nodig sou word om die belastings te verhoog, die publiek lojaal sal saamwerk. Die Staatspresident was hoegenaamd nie somber in die opsomming van die posisie nie. Die landskuld was per slot van rekening nog betreklik klein en indien vrede met die naturelle in Noord-Transvaal herstel kan word, stel hy in vooruitsig dat die binnelandse handel tot voordeel van elke burger sal verbeter sodat elkeen 'n ietwat hoër belasting sal kan betaal. Maar dit was veral die lae koers van die goewermentsnote wat by die Staatspresident besorgdheid gewek het. Hoewel die hele bevolking daardeur benadeel is, was dit tog veral die staatsamptenare wat as 'n gevolg daarvan swaar getref is. Die Staatspresident het die saak in sy regte perspektief gesien toe hy die lae koers van die note „aan gebrek van vertrouwen in de regering en de wetgewing" toegeskryf het. As die landswetgewing in die algemeen opgeknap kan word, sal die vertroue van handelaars in die republiek toeneem en sal die koers van die note vanself verbeter.[11]

Die belastingwese van die staat het daarna volledig onder die soeklig gekom toe die begroting vir die belastingjaar wat van 1 Augustus 1868 tot 31 Julie 1869 sou strek, aan die orde gestel is.[12] Die begroting waarin £12,825 afgesonder is vir gewone en buitengewone uitgawes en nogtans 'n verwagte surplus van £5,429.9.4 sou oplewer, het met die oog op die groot aantal goewermentsnote wat in omloop was en op een of ander tydstip afgelos moes word, ernstige besorgdheid veroorsaak sodat enersyds aan besparingsmaatreëls en andersyds aan verhoogde inkomstebronne gedink is. In 'n debat wat meer as vyf dae van die Volksraad se tyd in beslag geneem het, is 'n hele reeks belastinghervormings deurgevoer. Eienaardig genoeg het die landsvaders die snoeiskêr ingelê op 'n plek waar 'n mens dit die minste sou verwag. Op die begroting was voorsiening gemaak vir die salaris van vyf predikante tot 'n totale bedrag van £1,225. Die Volksraad het 'n aanbeveling van die begrotingskommissie aanvaar en besluit om die predikante se salarisse van die begroting te verwyder en 'n beroep op kerkrade en predikante te doen dat elke gemeente self verantwoordelikheid vir sy predikant se salaris sal aanvaar.[13] Verdere besparing is bewerkstellig deur die besluit dat die landdros van Potchefstroom elke drie maande 'n sitting op Bloemhof sou waarneem en dat op laasgenoemde plek slegs

10. V.R.B. 9 April 1868, artt. 566 en 567 Vgl. Staats Courant 9 September 1868.
11. Vgl. Aanspraak van die Staatspresident, V.R.B. 14 September 1868, art. 15.
12. E.V.R. 112, bl. 1005 e.v.
13. V.R.B. 23 November 1868, art. 304.

'n vrederegter geplaas sou word.[14] Op soortgelyke wyse is Schoemansdal en Nylstroom onder die gesag van een landdros met setel te Potgietersrust,[15] gestel.

Na op die wyse 'n mate van besparing bewerkstellig is, het die Volksraad daartoe oorgegaan om deur 'n wysiging van bestaande belastings en algemene tariewe, die landsinkomste te verhoog. So is bv. die belasting op erwe verhoog tot 10/-; invoerbelasting tot £3 per vrag van 3,000 pond; hereregte tot 3%; winkellisensies tot £7.10.0 en slagters- en bakkerslisensies tot £2.0.0. Landmeterslisensies sou in die toekoms £10 per jaar bedra wat ook dieselfde bedrag sou wees vir agente wat in laer howe optree. Advokate en prokureurs sou jaarliks £15 moes betaal, notarisse £10, beëdigde vertalers £3 en taksateurs £2. Venduregte is vasgestel op 2½% vir losgoed en 1% vir vasgoed. Daarnaas het die Volksraad ook geheel nuwe belastings ingestel en hoewel in die opsig besonder matig opgetree is, 'n terrein betree wat die belanghebbende as 'n skok sou ervaar. Leningsplase, so het die Raad besluit, sou in die toekoms met £1.10.0 per jaar belas word terwyl 'n persoonlike belasting van 10/- op die volwasse manlike bevolking gelê is.[16]

Soos later sal blyk het die voorgaande hervormingsmaatreëls wel 'n gunstige uitwerking op die land se finansiële posisie gehad. Ten opsigte van die goewermentsnote het dit egter nie daarin kon slaag om enige noemenswardige verligting te bewerkstellig nie. Nouliks twee weke nadat voorgaande besluite geneem is, het landdros Potgieter uit Lydenburg hom by die regering bekla dat dit vir hom „sedert enige tyd ten eene male onmogelyk is voor de gouvernements noten iets ten behoeve van het gouvernement te kunnen verkrygen". Bandiete moet by private persone in diens gestel word „ten einde hen op die wyze van kost te voorzien" met die gevolg dat hoogs noodsaaklike regeringswerk nie verrig kan word nie. Selfs die betrekking van geregsbode kan nie gevul word nie omdat almal weier om in die diens van die staat te tree met goewermentsnote as besoldiging.[17] Op die klag van landdros Potgieter het die Uitvoerende Raad geantwoord dat hy niks aan die saak kan doen nie en dat die landdros hom maar so goed as moontlik moet behelp. Die Uitvoerende Raad stel egter in vooruitsig dat „maatregelen genemen zullen worden om de Gouvernements Noten ene betere koers te doen verkrijgen".[18]

Wat die Uitvoerende Raad beoog het om te doen, word nie in sy antwoord aan landdros Potgieter vermeld nie en klaarblyklik het die Raad self ook nog geen lig gesien nie. Die verwagting is nogtans gewek na aanleiding van 'n onderhoud wat ene G. Moodie twee dae vroeër met die Uitvoerende Raad gevoer het[19] en waartydens hy voorgestel het dat die uitgee van goewermentsnote wetlik gereël word en dat in so 'n wet duidelik

14. V.R.B. 24 November 1868, art. 307.
15. V.R.B. 24 November 1868, art. 308.
16. V.R.B. 27 November 1868, artt. 319-326.
17. R.1446/68: Landdros C. Potgieter aan U.R. dd. Lydenburg, 11 Desember 1868.
18. U.R.B. 24 Maart 1869, art. 41.
19. U.R.B. 22 Maart 1869, art. 33.

bepaal sal word „op welke wyze dezelven gewaarborgd en versecureerd zal zyn". Die Uitvoerende Raad het saamgestem dat „het passeeren van zulk eene wet hoogst wenschelyk en noodig is" en het onderneem om as Moodie so 'n konsepwet sou indien „dezelve dan te doen publiceeren en den Volksraad ter goedkeuring voor te leggen". Moodie het daarop met die medewerking van Proes reeds die volgende dag 'n konsep by die Uitvoerende Raad ingedien.[20]

Gewapen met hierdie konsepwet het M. W. Pretorius met meer as sy gewone selfvertroue die volgende sitting van die Volksraad toegespreek toe hy verklaar het dat „de Staat onzer finantien zeer voldoende is". Die lae koers van die note het hom egter gehinder want nie alleen in die Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie nie, „maar zelfs in de Republiek worden zy in den handel schaars voor een derde der nominale waarde genomen". Gedagtig aan Moodie se konsepwet, het hy die Volksraad meegedeel dat die nodige gedoen sou word om hierdie ongerymdheid uit die weg te ruim.[21] Groot moes die Staatspresident se teleurstelling dus gewees het toe die Volksraad „met byna algemeene Stemmen" die strekking van die ontwerpwet afgekeur het[22] en die Staatspresident gelas het om sy eie skema voor te lê.

Geheel onvoorbereid om hierdie opdrag uit te voer, was die Staatspresident nie. Met Moodie se konsep as leidraad, was die Uitvoerende Raad twee dae later gereed en het hulle die volgende gedagte ter oorweging aan die Volksraad voorgelê.[23] Die verkoop van grond ter aflossing van note sou nie bevredigend uitwerk nie tensy dit in die buiteland bemark kon word. Die beeld van die Republiek moes in die buiteland verbeter word en veral die lasterlike en ongemotiveerde beskuldigings dat slawerny in die Transvaal beoefen word, moes in Europa en veral in Engeland ter plaatse weerspreek word. Die swak finansiële posisie van die staat moes toegeskryf word aan die surplus van invoer bo uitvoer. Die ewewig kon alleen herstel word deur groter produksie, die ontwikkeling van die natuurlike hulpbronne, die ontginning van myne en die bevordering van nywerheid, handel en landbou. Die moontlikhede wat die Republiek in die opsig bied, moes ook in die buiteland onder die aandag van belanghebbende instansies gebring word. Boweal was die Uitvoerende Raad van oortuiging „dat onze Kinderjaren ten einde moeten zyn, en dat wy geplaatst moeten worden in den rang waarop de grootte en rykdom van ons land ons aanspraak doen maken". Ter wille hiervan moes soveel verdrae as moontlik met vreemde moondhede aangegaan word om die vryheid van die staat te erken, sy grense te waarborg en vir hom 'n ruime mate van vryhandel te verwerf. Om al hierdie oogmerke te bevorder, stel die Uitvoerende Raad voor dat, ongeag die koste wat dit mag meebring, 'n invloedryke

20. U.R.B. 23 Maart 1869, art. 39.
21. Aanspraak Staatspresident, V.R.B. 3 Mei 1869, art. 11. Vgl. Staats Courant, 5 Mei 1869.
22. V.R.B. 10 Junie 1869, art. 197.
23. U.R.B. 12 Junie 1869, art. 28.

kommissie aangewys word om die saak van die Republiek in Europa en Engeland te gaan stel.

Hoewel die Volksraad die plan goedgekeur het, het daar per slot van rekening niks van tereg gekom nie. By die publiek was daar skynbaar nie groot geesdrif nie en is van die sending nie veel verwag nie. Uit Potchefstroom het 'n ongetekende stuk uitdrukking gegee aan 'n gevoel van wrewel wat by baie mense teenoor die landsvaders bestaan het juis vanweë die papiergeldkwessie. „God weet het", so word in hierdie brief geweeklag, „wy zouden het Gouvernement vele zonden vergeven indien het een ernstige, eerlijke, redelijke poging deed om door munt hun papier te vervangen, of de waarde daarvan te verbeteren". Die uitgifte van papiergeld, so word verklaar, „heeft de monden van het volk gevuld met vloeken en bitterheid". Tussen volk en regering bestaan geen simpatie nie, „maar integendeel de diepste en bitterste afkeur".[24] Per slot van rekening was dit nie sulke reaksie wat die grootse planne van 'n oorsese sending laat skipbreuk ly het nie, maar juis die gebrek aan geld ter wille waarvan so 'n sending na Europa gestuur moes word. In Kaapstad[25] en in Natal[26] is tevergeefs pogings aangewend om £1,000 in naam van die Republiek te leen ten behoewe van die kommissie wat na Europa sou gaan. H. Ueckermann wat in Natal die geld sou probeer leen, het nadat hy die kat uit die boom gekyk het, nie eers 'n poging in die rigting aangewend nie aangesien hy bevrees was „voor een wygering". Toe die saak voortgesloer het tot in Junie 1870 en die kommissie nog geen aanstalte gemaak het om op reis te gaan nie, het 'n spesiale kommissie, belas met 'n ondersoek na note, aanbeveel dat die plan vir 'n onbepaalde tyd uitgestel word. Daarmee was die lot van die oorsese deputasie verseël.[27]

Intussen het die probleem van die note se lae koers nog steeds 'n onopgeloste vraagstuk gebly. Die regering se aandag is weer na die dringende probleem teruggebring deur 'n aanbod wat ene Theodor Doms aan die Uitvoerende Raad gemaak het. Doms sou as handelaar onderneem om die note vir hulle volle waarde te aksepteer en goedere teen billike pryse an kliënte te verkoop op voorwaarde dat die regering met hom 'n kontrak aangaan om jaarliks ongeveer 200 plase aan hom teen 'n vasgestelde prys (£30 of £40 per plaas) te verkoop en dat die kontrak van krag sal bly tot hy vir 'n bedrag van £30,000 of £40,000 grond gekoop het.[28] Die Uitvoerende Raad het nie van Doms se aanbod gebruik gemaak nie en toe ongeveer 'n maand of drie daarna self die saak aan die gang gesit toe landdroste in kennis gestel is dat tot 15 April 1870 voorstelle ingewag sal word ter verbetering van die handel en die sirkulasie van goewermentsnote. Landdroste is opgedra om samesprekings met winkeliers

24. S.S. 118, Suppl. 227: Ongetekende stuk dd. Potchefstroom, 31 Aug. 1869.
25. S.S. 2704, Brieweboek 1869, no. 1149: M. W. Pretorius aan Alfredo du Prat, dd. Pretoria, 9 November 1869.
26. R.29/70: H. Ueckermann aan B. C. E. Proes, dd. Heidelberg, 3 Januarie 1870.
27. R.844/70: Verslag van spesiale kommissie, dd. Pretoria, 30 Junie 1870.
28. R.1426/69: Theodor Doms aan U.R., dd. Pretoria, 22.12.1869.

en ander belanghebbendes te hou, hulle bevindinge aan die Uitvoerende Raad mee te deel waarna die saak dan verder oorweeg sal word.[29]

Verskillende instansies het na aanleiding hiervan gereageer[30] en hoewel niemand skynbaar 'n oplossing gereed gehad het nie, was almal min of meer eenparig dat die aantal note in omloop verminder moes word; dat agterstallige skulde aan die staat kragdadig ingevorder en vir die aflossing van note aangewend moet word[31] terwyl in enkele gevalle aan die hand gegee is dat note op goeie bankpapier gedruk moes word.[32]

Nadat die rapporte van die verskillende landdroste ontvang is, het die Uitvoerende Raad besluit om al die verslae aan die Volksraad vir verdere oorweging deur te stuur en by die Volksraad aan te beveel „dat eene vermindering van het getal noten wenschelijk is, en wel door eene buitengewone hoofdelijke bydrage door ieder burger voor een jaar te betalen ten bedrage van twee pond sterling onder den naam van noten belasting". Die opbrengs van die belasting sou aangewend word om note uit sirkulasie te onttrek. Verder het die Uitvoerende Raad ook nog aanbeveel dat alle handelslisensies teruggetrek moet word en alleen aan handelaars her-toegestaan word wat sou onderneem om die goewermentsnote vir hulle volle waarde te aanvaar.[33] Toe die voorstel voor die Volksraad gedien het, is besluit om die hele aangeleentheid na 'n gekose komitee vir verslag en aanbeveling te verwys.[34] Aanvanklik het die komitee bestaan uit D. Uys, A. Munnick, J. Franck, P. Sietzman met B. Avenarius as sekretaris.[35] In die loop van sy werksaamhede het Munnick opgehou om lid van die komitee te wees en het G. Moodie en ene Minnaar weer lede daarvan geword.[36]

Die komitee het sonder die minste twyfel baie ernstig te werk gegaan en hom baie goed van sy taak gekwyt. Die eerste taak wat hy homself gestel het, was om vas te stel presies hoeveel note in sirkulasie was. Met al die inligting tot sy beskikking het die komitee tot die gevolgtrekking gekom dat £79,092.2.6 van tyd tot tyd aan goewermentsnote in omloop gebring is[37] wat £2,092.2.6 meer is as waartoe die Volksraad toestemming verleen het.

29. U.R.B. 14 Maart 1870, art. 88.
30. Vgl. o.a. kopie van 'n resolusie van handelaarsgroep onder voorsitterskap van F. W. Reid, ongedateerd by R.419/70 en kopie besluit van 16 Utrechtse inwoners, dd. 16 April 1870 in E.V.R. 113, bl. 149.
31. Agterstallige belasting het met die loop van tyd 'n onrusbarende omvang aangeneem. Vir die drie jaar tot die einde van Julie 1869 was burgers aan die staat 'n bedrag van £7,122.14.6 verskuldig vir Plaas-, Erf- en Persoonlike belasting. Vgl. E.V.R. 114, bls. 331-332.
32. Klaarblyklik is die voorstel gemaak omdat verskillende gevalle van vervalsing van note voorgekom het. Vgl. o.a. R.521/69 en R.1036/70.
33. U.R.B. 21 April 1870, art. 36 — U.R. Kladnotule 1870, No. U.R. 18/1.
34. V.R.B. 4 Mei 1870, art. 10.
35. E.V.R. 113, bl. 129. e.v.
36. R.844/70.
37. Om een of ander rede verskil die komitee in die opsig van die ouditeur-generaal wat in 'n skrywe van 27 Mei 1870 die goewermentsekretaris meegedeel het dat daar £80,092.2.6 se note in omloop was — 'n verskil dus van presies £1,000. Vgl. R.685/70.

In sy verslag wat op 30 Junie 1870 gereed was, noem die komitee die volgende faktore wat na sy mening vir die waardevermindering van die note verantwoordelik was: 1. Op die plase wat as sekuriteit vir die note afgesonder is, is nooit 'n behoorlike verband-akte getransporteer nie. 2. Geen behoorlike voorsiening is vir die inlossing en vernietiging van die note gemaak nie. 3. Geen behoorlike opgawe in verband met die uitgee van die note is ooit gepubliseer nie en nadat die eerste onreëlmatigheid in verband met die administrasie van die note aan die lig gekom het, is geen stappe geneem om die publiek te waarborg dat 'n herhaling daarvan nie weer sal plaasvind nie. 4. Die feit dat die Volksraad dwang wou gebruik om aansien aan die note te verleen. In die verband word verwys na 'n Volksraadsbesluit van 1866[38] waarin bepaal is „dat al degenen welke bezigheden onder protectie van licentien drijven, en weigeren dit geld in gelijke waarde als zilver of goud geld aan te nemen of het volstrekt niet willen aannemen, zullen bij voldoend bewijs van zulke handelwijze, van hunne licentien verbeurd verklaard worden". 5. Die papier waarop die note gedruk is, was nog altyd van 'n baie swak gehalte.[39] Met die bogenoemde faktore vir sover dit dui op nalatigheid aan die kant van die Volksraad, wou die landsvaders hulle nie vereenselwig nie. Na sy eie oordeel het die Volksraad alles gedoen wat moontlik en nodig was om te dien as 'n goeie waarborg vir die note en vir die inwisseling daarvan.[40]

Nadat hy die probleem op die wyse ontleed het, het die komitee 'n aantal baie belangrike aanbevelings gemaak. Volgens mededeling van die Ouditeur-generaal was 'n bedrag van £5,265.17.2 beskikbaar vir aflossing van note[41] wat nog note tot 'n bedrag van £73,826.5.4 in omloop sou hou. Omdat dit na die oordeel van die komitee meer was as die werklike behoefte van die staat, word voorgestel dat onverwyld reëlings getref word om die bedrag met £10,000 en as dit enigsins moontlik is, met £15,000 te verminder. Voorts word voorgestel dat 'n wet opgestel word waarin behoorlike voorsiening gemaak word vir die aflossing van die oorblywende note. In die wet moes ook voorsiening gemaak word dat die note op behoorlike bankpapier gedruk word; dat 'n behoorlike verband op die 1,000 plase gepasseer word wat as sekuriteit sal dien vir die note; dat voorsiening gemaak sal word vir 'n jaarlikse aflossing van £5,000 of meer en dat die belemmering op die vrye handel opgehef moet word. Dit word ook aanbeveel dat 'n kommissie om die wet te administreer uit kundige persone saamgestel moes word. Vir die doel word die name van F. W. Reid, E. Pavey en G. Moodie genoem. Ter laaste instansie beveel die komitee nog aan dat 'n spesiale hoofbelasting van £2 vir eienaars van vaste eiendom en £1 vir ander persone, gehef moes word. Die opbrengs van die belasting wat voor die end van Oktober betaal moes

38. V.R.B. 28 September 1866, art. 257.
39. E.V.R. 113, bl. 129 e.v. Vgl. ook R.844/70: Kopie rapport van komitee belas met verbetering van note dd. Pretoria 30.9.1870.
40. V.R.B. 18 Junie 1870, art. 186.
41. R.630/70: Ouditeur-generaal aan goewermentsekretaris, dd. Pretoria, 18 Mei 1870.

word, moes in sy geheel aangewend word om note uit sirkulasie te onttrek.[42]

Die Volksraad het blykbaar groot vertroue in die werk van die komitee gestel omdat nagenoeg al sy aanbevelings min of meer onveranderd aanvaar en daarna in Wet no. 11 van 1870 beliggaam is.[43] In die wet word onder andere bepaal dat alle note wat in sirkulasie was ingeroep en met ander, wat op behoorlike bankpapier gedruk is, vervang sou word. Die note wat in omloop gehou word, sou geborg word deur 'n spesiale verband op 1,000 plase en die verband sou sonder versuim geregistreer word. Die nuwe note „zullen wettige tender zijn voor de betaling van alle schulden, binnen deze Republiek aangegaan". Vir die aflossing van die note sou jaarliks 'n bedrag van £5,000 op die begroting geplaas word. Indien die £5,000 nie uit die gewone inkomste gehaal kan word nie, sou van die 1,000 plase soveel verkoop word as wat nodig was om die tekort aan te vul. Laastens word in die wet ook nog bepaal dat die kontensieuse Volksraadsbesluit van 1866 herroep word.

Ook die aanbeveling dat 'n spesiale note-belasting vir slegs een jaar ingestel word, is deur die Volksraad aanvaar.[44] Per slot van rekening het die gedagte aan so 'n belasting nie by die komitee nie maar wel by die Uitvoerende Raad sy oorsprong gehad. Hoewel die belasting nie buitensporig hoog was nie, het dit tog 'n soort van storm onder die burgers veroorsaak en orals proteste uitgelok. In die distrik Rustenburg is bv. by geleentheid van 'n nagmaalsviering 'n protesvergadering gereël toe 'n groot aantal burgers nie slegs beswaar gemaak het teen die belasting nie, maar hulle ook eenparig onwillig verklaar het om die belasting te betaal.[45] Ook uit ander oorde het proteste van groot getalle burgers die regering bereik.[46] Oor die algemeen word beswaar gemaak omdat van die veronderstelling uitgegaan word dat die 1,000 plase wat as sekuriteit gestel is, voldoende behoort te wees vir die aflossing van die note. In enkele gevalle word die vrees uitgespreek dat die spesiale belasting mettertyd 'n vaste landswet sal word.

Afgesien van die spesiale note-belasting, het die regering vir die belastingjaar wat van 1 Augustus 1870 tot 31 Julie 1871 sou strek, met verskillende ander belastingverhogings gekom. Hereregte is bv. van 3% tot 4% verhoog; seëlregte is nagenoeg verdubbel; lisensiegelde vir winkeliers is verhoog van £7.10.0 tot £50 per jaar; lisensies vir die verkoop van drank by klein maat is verhoog tot £100 per jaar terwyl alle ander soorte lisensiegelde nagenoeg net verdubbel is. Die regering was hiertoe genoodsaak omdat vir die jaar begroot is vir 'n tekort van £1,421.10.0

42. R.844/70 en E.V.R. 113, bl. 129 e.v.
43. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1845-1885, bl. 392. Die wet is deur die Volksraad goedgekeur op 20 Junie 1870, art. 189.
44. V.R.B. 20 Junie 1870, art. 188.
45. R.1241/70: Waarnemende landdros C. Pistorius aan M. W. Pretorius, dd. Rustenburg, 12 Oktober 1870.
46. Vgl. R.1277/70: Ongedateerde protes van 105 burgers; R.1413/70: Protes van 75 burgers, dd. Pretoria, 30 Auggustus 1870; R.1500/70: Protes van 79 burgers uit die distrik Pretoria.

terwyl in terme van Wet no. 11 van 1870 eintlik 'n surplus van £5,000 gevind moes word vir die aflossing van note. In dieselfde begroting het die regering ook voorsiening gemaak vir aansienlike salarisverhogings van amptenare — die persone wat die meeste gely het as 'n gevolg van die waardevermindering van papiergeld.[47] Uit die beskikbare stukke blyk dit nie dat teen hierdie maatreëls enige besware geopper is nie.

Die bepaling in Wet no. 11 van 1870 waarin voorsiening gemaak word dat alle bestaande note vervang sou word deur note wat op behoorlike papier gedruk is, is vir verdere ondersoek en aanbeveling verwys na 'n komitee bestaande uit F. W. Reid en Fred Jeppe.[48] Op aanbeveling van die komitee is deur bemiddeling van J. J. Pratt, die Republiek se Konsul-generaal in Brittanje, 'n bestelling geplaas vir die druk van note by die firma William Brown van Old Broadstraat in Londen.[49] Die note sou gedruk word ooreenkomstig 'n model wat deur die Volksraad goedgekeur is.[50] In totaal is vir 'n bedrag van £60,000 note bestel en wel in die volgende veelvoude:

31,000 note van £1 gedruk op groen papier
2,400 note van £5 gedruk op pienk papier
800 note van £10 gedruk op wit papier
200 note van £20 gedruk op blou papier.

Daarbenewens is ook sg. Goed Voor's wat as kleingeld sou dien en op behoorlike perkament gedruk sou word, in die volgende hoeveelhede bestel:

12,000 Goed Voor's van 6d.
12,000 Goed Voor's van 1/-
6,000 Goed Voor's van 2/6
5,000 Goed Voor's van 5/1
4,200 Goed Voor's van 10/-.

Op die note wat eiehandig deur die Staatspresident, die Tesourier-generaal en 'n lid van die finansiële kommissie onderteken sou word, sou die landswapen en die naam van die Republiek in watermerk aangebring word. Op die „Goed Voor's" sou 'n voorbeeld van president M. W. Pretorius se handtekening gedruk word.[51] In Mei 1871 kon konsul-generaal J. J. Pratt die regering in Pretoria in kennis stel dat die bestelling uitgevoer is en aan boord van die skip *Syria* na die firma Muirhead en Co. in Durban vir die Republiek verskeep is. Per slot van rekening is daar toe 6,000 Goed Voor's van 5/- en 10/- elk gedruk. Owerigens is die bestelling korrek uitgevoer. Die totale koste vir die druk van die note het £186.18.8 bedra.[52] Dit was kenmerkend van die finansiële posisie waarin die

47. E.V.R. 114, bl. 301-385.
48. R.1246/70: F. W. Reid en Fred. Jeppe aan M. W. Pretorius, dd. Potchefstroom, 12 Oktober 1870.
49. U.R.B. 18 Oktober 1870, art. 84.
50. V.R.B. 21 Junie 1870, art. 203.
51. S.S. 2705, Brieweboek, 1870, No. 1509: M. W. Pretorius aan konsul-generaal J. J. Pratt, dd. Pretoria, 29 Oktober 1870.
52. R.699/71: J. J. Pratt aan Proes, dd. Londen 24 Mei 1871.

Republiek verkeer het dat die landskas nie oor die middele beskik het om die drukkoste te betaal nie. Die Tesourier-generaal is egter opdrag gegee om die rekening onmiddellik te betaal en vir die doel 'n aantal plase te verkoop.[53]

Nadat die nuwe note in ontvangs geneem is, is sonder versuim reëlings getref om die ou note daarmee te vervang.[54] Vir die doel het die Volksraad die nodige wetgewing aangeneem[55] en is op 4 Desember 1871 met die uitwisseling begin[56] — 'n proses wat binne twee jaar afgehandel moes wees.[57]

Die omskakeling na goeie gedrukte banknote het die finansiële toestand van die Republiek egter nie in die minste verbeter nie. Vervalsings en dergelike onreëlmatighede sou in die toekoms voorkom kon word, maar basies het die gebrek aan vertroue in papiergeld met al die nadele daaraan verbonde, net so groot gebly as voorheen die geval was. Reeds teen die einde van 1870, maar veel sterker nog in 1871, het 'n vlaag van ontevredenheid hom voorgedoen wat in sekere sin teruggevoer kon word tot die wyse waarop die regering toegelaat het dat Staatsgronde in die diamantveldgebied tussen die Vaal- en Hartsriviere vir privaat gewin en tot nadeel van die landskas geëksploiteer word.[58] Hiervandaan het die besware uitgebrei en het vooraanstaande amptenare dit by herhaling onder die aandag van die regering gebring dat dit met die oog op die waardevermindering van die papiergeld onmoontlik is om 'n menswaardige bestaan te voer. So byvoorbeeld kla A. A. O'Reilly in sy hoedanigheid as Kommissaris van Arbitrasie oor die waardeloosheid van papiergeld by die diamantvelde. Met groot moeite het hy daarin geslaag om een van die winkeliers te beweeg om dit te aanvaar teen 5/- in die pond.[59] In 'n privaat skrywe berig B. C. E. Proes vir M. W. Pretorius „dat de slechte toestand der noten my bevreesd maakt dat vele ambtenare verpligt zullen zijn hunne betrekkingen te bedanken: de Staatsklerk, Ouditeur en Registrateur kunnen niet bestaan en hun salaris is geen betaling".[60]

Hoewel die regering, waarskynlik as 'n gevolg van onmag en nie uit onverskilligheid nie, dikwels 'n swak houding met betrekking tot algemene landstoestande geopenbaar het, was hy in toenemende mate buitengewoon gevoelig vir die lot van sy amptenare. Met die September-sitting van die Volksraad in 1871, is die finansiële posisie weer grondig ontleed in die lig van die algemene besef dat die waarde van die note verbeter sal moet word

53. U.R.B. 8 Julie 1871, art. 47 en U.R.B. 18 Julie 1871, art. 115.
54. R.1054/71: Fred Jeppe aan wn. president en Uitvoerende Raad, dd. Pretoria, 26 September 1871.
55. Wet no. 7 van 1871, De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, bl. 459. Vgl. ook U.R.B. 5 Desembeer 1871, art. 104 en V.R.B. 6 Desember 1871, art. 448.
56. Vgl. Byv. Staats Courant, 26 Desember 1871. In die wet is die datum op 11 Desember gestel. In 'n advertensie wat na die datum in die Staatskoerant verskyn het, word die datum egter op 4 Desember 1871 gestel.
57. Wet no. 7 van 1871, art. 6.
58. Vgl. o.a. *De Tyd,* 1 September 1870, R.923/71, R.924/71 en R.951/71.
59. R.1597/71: A. A. O'Reilly aan M. W. Pretorius, dd. Bloemfontein, 27 April 1871.
60. R.1605/71: B. C. E. Proes aan M. W. Pretorius, dd. Pretoria, 27 Mei 1871.

om te verhoed dat die land ten gronde gaan.[61] Die geleentheid hiertoe het ontstaan toe die begroting vir 1871/1872, waarin vir 'n tekort van £13,320.13.1 begroot is, behandel is.[62] Nadat die begrotingskommissie vir allerlei belastingverhogings voorsiening gemaak het, was daar nog 'n tekort van £12,438.9.11. Om hierdie tekort die hoof te bied, word een van die volgende drie voorstelle by die Volksraad vir oorweging aanbeveel:

(a) Dat vir 'n tydperk van twee jaar, jaarliks lisensies soos volg betaal moet word: „Door den eigenaar van iederen wagen £1.0.0., van iedere bokwagen £1.10.0, van iedere kar 10/- en voor elke plezierrytuig met vier wielen £1.10.0 en dat door personen, die stokeryen voor sterke dranken hebben, licentien moeten betaald worden voor elk halfaam inhoud der ketel £1 en voor ieder halfaam insgelyks £1."

(b) Dat skuldbriewe van £50 en £100 uitgereik word met grond as sekuriteit teen 'n rente van 6% per jaar en dat die skuldbriewe binne drie jaar weer afgelos moet word.

(c) Dat grond verkoop word „zonder occupatie of afwesigheid taxt" vir 'n tydperk van vyf jaar. Die kommissie het self ernstige beswaar teen die tweede en derde aanbevelings gehad en het dus die eerste aanbeveling aan die Volksraad as 'n voorstel voorgelê.[63]

Na aanleiding van die Begrotingskommissie se aanbevelings het die Volksraad 'n verdere kommissie aangewys bestaande uit die here Ueckermann, Moodie en Forster wat saam met die Tesourier-generaal en die Ouditeur-generaal planne sou beraam hoe om die tekort op die begroting die hoof te bied.[64] Die kommissie het die dag na sy benoeming bymekaar gekom en aanbeveel dat die regering getekende skuldbriewe moet uitgee wat „zich zulle uitstrekken over een tijdvak van een tot tien jaren en zullen rente dragen van 6% per jaar betaalbaar jaarlijks in rente coupons, ondertekend door den Thesourier Generaal". Met hierdie aanbeveling het die kommissie dus teruggekom op 'n gedagte uitgespreek deur die Begrotingskommissie, maar wat hy nie as 'n voorstel aan die Volksraad wou voorlê nie. Nadat hy sy voorstel oor getekende skuldbriewe gemaak het, het die kommissie byna terloops met 'n algeheel nuwe gedagte tevoorskyn gekom toe hulle aan die hand gegee het dat die regering moet oorweeg om 'n bedrag geld te leen.[65]

Die Volksraad het die voorgaande gedagte aanvaar en besluit om 'n lening aan te gaan tot die bedrag van £15,000 by wyse van die uitreiking van skuldbriewe teen 'n rentekoers van 6% per jaar.[66] Die Uitvoerende Raad was oor die besluit nie geesdriftig nie en omdat hy besef het dat „tenzij er eene leening gemaakt wordt van klinkende munt om de gouvernementsnoten in te wisselen", geen blywende oplossing vir die probleem

61. V.R.B. 8 September 1871, art. 35.
62. E.V.R. 114, bls. 736-7.
63. E.V.R. 114, bls. 640-1.
64. V.R.B. 10 November 1871, art. 500.
65. E.V.R. 114, bl. 494.
66. V.R.B. 1 Desember 1871, art. 425.

gevind sou word nie.[67] Eindelik na baie jare van onsekere, byna doellose rondtasting, was die regering op die regte spoor. Indien een of ander instansie bereid gevind sou word om aan die regering 'n kontantbedrag te leen om alle goewermentsnote mee te vervang, sou daarna 'n nuwe begin gemaak kon word en sou finansiële stabiliteit bereik word omdat met geringe inspanning, dit moontlik sou wees om die jaarlikse begroting te laat klop.

Dit was op hierdie grondslag wat waarnemende president Erasmus voortgebou het toe hy in sy Aanspraak met die opening van die Volksraadsitting die hoop uitgespreek het dat dit moontlik sal wees om iewers 'n kontantlening aan te gaan.[68] Die Volksraad het die gedagte eenparig onderskryf en die regering opgedra om nog gedurende dieselfde sitting voorstelle voor te lê hoe en waar 'n lening van £60,000 aangegaan kan word.[69] Intussen het Thomas François Burgers die ampseed as staatspresident afgelê. Op die voorbereidende maatreëls wat reeds getref is, het hy doeltreffend en met spoed voortgebou en skriftelik aan die Volksraad planne voorgelê hoe te werk gegaan moes word om die lening aan te gaan.[70] Op hierdie stadium het hy ook nog in terme van skuldbriewe tot die bedrag van £60,000 gedink. Die Volksraad het die president se gedagtegang onderskryf en besluit om die uitvoerbaarheid van die skema op 'n buitengewone sitting van die Volksraad te oorweeg.

Op die buitengewone vergadering wat vroeg in 1873 gehou is, kon die president die Volksraad meedeel dat hy daarin geslaag het om 'n lening van £60,000 met 'n Kaapse handelsbank aan te gaan. Die dokumente wat nodig was om die lening te wettig, was reeds voorberei en al wat nog nodig was, was die goedkeuring van die Volksraad.[71] Die Volksraad het die handelings van die president goedgekeur en die nodige wetgewing in verband daarmee aanvaar.

In die eerste van twee wette wat aangeneem is, word voorsiening gemaak vir 'n Delgingsfonds[72] en verbind die Volksraad hom om jaarliks op die eerste dag van Januarie uit die publieke fondse 'n bedrag van £3,000 te onttrek ter delging van die lening van £60,000. In die wet word verder nog bepaal dat die Volksraad drie burgers sou benoem wat saam met die Thesourier-generaal 'n ere-kommissie sou vorm om toesig oor die Delgingsfonds uit te oefen. In die tweede wet[73] word voorsiening gemaak vir die wyse waarvolgens die goewermentsnote vir „goeie" geld ingewissel sou word.

Prof. A. N. Pelzer.

67. U.R.B. 21 Februarie 1872, art. 19.
68. Vgl. Aanspraak, 1 Julie 1872, art. 2.
69. V.R.B. 25 Julie 1872, art. 139.
70. V.R.B. 7 Augustus 1872, art. 198.
71. Vgl. Aanspraak, 24 Februarie 1873, art. 1(c).
72. Wet no. 2 van 1873.
73. Wet no. 3 van 1873.